

Donderdag 10 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4: 6-11

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4: 7 (AFR83)

My liggaam in diens van God

Die eerste woorde van die Kategismus spel dit uit dat ek met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort. Met sy kruisbloed het Jesus my liggaam gekoop, 'n kunswerk wat deur God geskep is, sê Psalm 139. Ek moet God dus met my liggaam dien.

Dit klink so goed om dit te kan sê, en tog is daar eeue gelede geglo dat jou liggaam minderwaardig is. Daar was hierdie heidense ideë dat die lewe in vlakke van hoog tot laag ingedeel is en die liggaam was van die laer orde. Ons bely egter dat ons liggaam kosbaar en in diens van God is. Paulus verwys daarna in 2 Korintiërs 4. Hy skryf oor homself en ander wat deur God geroep is om die evangelie van Christus te verkondig. Hy noem hulle kleipotte, wat na hulle nederige liggaamlike krag verwys.

Hierdie beeld van die kleipot kan ons op alle gelowiges van toepassing maak. Die hoofsaak is egter dat daar binne die kleipot die skat van die nuwe lewe in Christus is wat deur die Heilige Gees in ons geplant is en versorg word.

Met my hele menswees dien ek God, maar ek kan in my neerbuig voor God soms liggaamlike swakheid en swaarkry beleef. Dit kan die gevolg wees van aanslae en beproewinge en ouderdom. Paulus noem ook in vers 8 en 9 dinge wat ons teen die grond wil gooi. Dit is dinge wat ook jou liggaam raak en so die kleipot kan kraak. Ons troos is egter dat hoe groter die krake, hoe meer word die skat binne jou sigbaar (vgl. vs 11); hoe meer word die lewe van Jesus in en deur jou sigbaar. Ons ken dit – iemand wat die pad van liggaamlike swaarkry en opoffering gestap het, iemand met groot krake in die kleipot en tog straal die vreugde in Christus daardeur.

Sing: Psalm 119-1:21

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (emeritus)